

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 2: Noach – Noag

Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL¹

Torah : Genesis 6:9 tot 11:32.

Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5.

Nuwe Verbond: Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

Vorige notas vir Parashah 2 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

God's law is a thing of beauty because it's an expression of who he is – Izzy Avram.

Why would we want fame, when God promises us glory? Why would we be seeking the wealth of the world when the wealth of heaven is ours? Why would we run for a crown that will perish with time, when we're called to win a crown that is imperishable? – Paul Washer.

Playing marbles with diamonds, that's what we are doing in the church today. – Vance Havner.

Torah Bespreking

Hersiening

Elke jaar is die weeklikse Torahstudie 'n geleentheid om ons Vader se hart, soos dit aan die begin van Sy geskrewe Woord aan ons openbaar word, beter te verstaan. Indien ons die begin verstaan, naamlik יהוה se doel met dit wat Hy aan die begin geskape het, sal ons die einde ook beter kan verstaan!

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Genesis (*B'reisheet*) begin met die tuin van Eden waar die mens aanvanklik, tot en met die sondeval, in 'n volmaakte verhouding met sy Skepper-God gelewe het. Die boek van Openbaring eindig met 'n herstelde tuin van Eden waar die mens weer in 'n volmaakte verhouding met יהוה sal lewe. Genesis begin met יהוה se aardse Koninkryk en Openbaring eindig met יהוה se aardse Koninkryk. Tot dan leef ons volgens die onderrig en instruksies van die Hemelse Koninkryk!

Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en die einde van Openbaring gebeur, is deel van יהוה se plan van herstel van Sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen יהוה en die mens soos dit voor die sondeval was. God se plan van herstel het begin met die profesie in Gen. 3:15, naamlik met die belofte van Yeshua, dié Gesalfde Een.

Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.”

Dit herinner ons aan Sha'ul se woorde van bemoediging in sy brief aan die gemeente in Rome:

Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal die teëstander spoedig onder julle voete verbrysel. Rom. 16:20.

Alles tussen Genesis hoofstukke 1 en 2 en Openbaring hoofstukke 19 tot 22 moet as יהוה se plan van herstel deur Yeshua gesien word. Sommige dele van hierdie plan is 'tydelik' of 'tussentydse maatreëls' totdat die volmaakte weer sal kom wanneer alles herstel sal wees soos dit aan die begin was – wanneer יהוה-God alles sal sien wat Hy herstel het en sal sê: “Dit is uitermate goed”, want dan sal Sy Seun heers oor 'n herstelde aardse Koninkryk!

Soos ons voortgaan met ons studie van die eerste vyf boeke van Mosheh, is dit belangrik om voortdurend hierdie “prentjie” in gedagte te hou, asook hoe dit heenwys na Yeshua en יהוה se plan van herstel! Maar ons moet ook onthou dat ons reeds nou as oorwinnaars in Yeshua kan leef, want Hy het die teëstander se kop reeds vertrap!!

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom word daar soveel klem gelê op geestelike oorlogvoering, veral deur die Pinkster / Charismatiese denominasies, en dit terwyl die belofte van Gen. 3:15 vervul is? Ons fokus moet op Yeshua wees wat reeds die oorwinning namens ons behaal het (Kol. 2:15) en op gehoorsaamheid aan Vader se Torah (Jak. 4:7 – let op die volgorde!). Daarom moet selfondersoek (jou vlak van gehoorsaamheid) die eerste prioriteit in tye van beproewing (teëspoed; hartseer) wees! Die rede vir beproewing is meesal nie in die geestesrealm te vinde nie, maar in God se spieël – Sy Torah (Jak. 1:22-25)!
 - 1.1. Sonde kan 'n moontlike oorsaak van teëspoed, hartseer en siekte (beproeving) wees! Voorbeeld: Joh. 5:1-14. Genesing van die siek man in Beit- Hesda (Betésda) – let op vers 14: *“Let op, jy is gesond; moenie aanhou sondig nie sodat daar nie iets ergers as tevore met jou gebeur nie.”*
 - 1.2. Verwys Joh. 14:23. Sal die teëstander jou aanval indien יהוה en Yeshua by jou blyplek (woning) maak? Yisra'el het telkens hulle vyande oorwin wanneer יהוה in hulle midde gewoon het! יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid was slegs teenwoordig wanneer Yisra'el volgens Torah geleef het.
 - 1.3. Hoe doen ons geestelike oorlogvoering?

- Ons moet die volle wapenrusting van God aantrek sodat ons in staat sal wees om staande te bly teen die strategië van die teëstander (Efes. 6:10-20). Ons belangrikste wapen in geestelike oorlogvoering is die swaard van die woord. Hoe het Yeshua satan weerstaan? Verwys Matt. 4:1-11.
- Deur ons daarvoor voor te berei deur selfondersoek en dan volgens God se plan dit uit te voer. Verwys 2Kronieke hoofstukke 18 tot 21 – Die geskiedenis van koning Y’hoshafat en hoe hy die oorwinning oor die vyand behaal het!

Onverdiende Guns En Onpartydige Opreghheid.

Die Skrifte is יהוה se boek van onverdiende guns, maar ook van God se standaard van onpartydige opreghheid en dat die mens wat nie daaraan voldoen nie, veroordeel sal word! Die geskiedenis van Noag is die bewys hiervan!

In die vorige Torahskriflesing het ons geleer dat die mens aanvanklik geklee was in ‘n klee van יהוה se onpartydige opreghheid en kon daarom direk met יהוה kommunikeer, want die geestelike realm het oor die fisiese realm geheers. Terwyl Adam en Havah van die Boom van Lewe geëet het, het die mens geweet wat die volmaakte wil, naamlik die Torah van hulle Skepper-God is, en het hulle daarvolgens gelewe.

יהוה is Gees en Adam en Havah was gevul met die Afgesonderde Gees! Volgens die Torah van die Gees van lewe in יהוה was hulle vry van sonde en die dood – vry van beide die geestelike dood en die fisiese dood!

Maar die mens maak dit wat volmaak was, ongedaan deur sonde en toe was hulle naak, naamlik van hulle geestelike klee van onpartydige opreghheid gestroop en die fisiese realm het toe oor die geestelike realm geheers (Gen. 3:1-7). Die volheid van יהוה se Gees wat in hulle gewoon het, het hulle verlaat! Die geestelike en fisiese dood het ‘n werklikheid geword!

Adam en Havah het deur van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, hulle reg tot die tuin van Eden verbeur (Gen. 3:23-24) en was toe grootliks op hulself aangewese om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, wat rein en onrein is en wat afgesonder en nie-afgesonder is!

Die gevolg was dat die boosheid van die mensdom met verloop van tyd uiteindelik tot so ‘n mate toegeneem het dat יהוה moes ingryp!

5 יהוה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van ‘n gedagte in sy gedagtes en wil, altyddeur boos was

6 en יהוה was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste.

7 יהוה sê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het.” Gen. 6:5-7.

יהוה moes ‘n nuwe begin maak en het die mens wat Hy geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel.

Maar daar was ‘n man, Noag, wat guns in die oë van יהוה gevind het – ‘n man wat onskuldig en opreg was soos wat ons in Gen. 6:8-9 lees:

8Noag het egter guns gevind in die oë van יהוה.

9Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag.

Vir die eerste keer lees ons nou van יהוה se *guns*, en van 'n *regverdige en opregte* mens. Daarom is dit belangrik om die betekenis van hierdie begrippe te verstaan, want ons gaan hierdie terminologie regdeur die woord van יהוה, vanaf Genesis tot Openbaring, vind! Dit is deel van יהוה se plan van die herstel van alles tot soos dit was voor die sondeval!

Guns (Genade) (Hebreeus: *chen* vanaf die grondwoord *chanan*) beteken *onverdiende guns* en dit is *om met welwillendheid vooroor na 'n ondergeskikte te buig en guns te verleen (te bied)*. יהוה het dus 'afgebuk' na Noag om guns aan hom en sy huisgesin te verleen!

Onskuldige (Regverdige) (Hebreeus: *tzaddik*) beteken om onskuldig in die oë van יהוה te wees en om dus in die regte verhouding met God te leef. Dit is om onpartydig en opreg (Hebreeus: *tzedakah*) te wees. Gen. 7:1 stel dit soos volg:

יהוה *het vir Noag gesê: "Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.*

Opreg (Hebreeus: *tamim*) beteken volmaak, met integriteit en vlekkeloos. In Matt. 5:48 sê Yeshua dat ons soos God volmaak (geestelik volwasse, vlekkeloos; iemand met integriteit) moet wees.

יהוה was tevrede met Noag, want hy het saam met יהוה gewandel (Hebreeus: *halak / halach*) en beteken 'n handeling wat van Noag se kant gekom het, naamlik gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, omdat Noag in יהוה vertrou het. Noag het dus gekies om deur vertroue saam met יהוה te wandel – dit ten spyte van, en te midde van die boosheid van die samelewing (Gen. 6:11-12).

Noag is op grond van onverdiende guns as onpartydig en opreg verklaar en het volgens יהוה se instruksies (Torah) geleef! So ook was Abraham deur vertroue in יהוה as onpartydig en opreg verklaar – deur die onverdiende guns van God wat Avraham opgevolg het met dade van gehoorsaamheid.

21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz'gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?

22 Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?

23 Die Skrif is vervul wat sê: "Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is 'n vriend van God genoem."

24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die 'geloof' nie? Jak. 2:21-24.

Opsommend: Volgens Gen. 6:8-9, asook talle ander voorbeelde, soos Avraham, Yitzgk, Ya'akov, leer ons dus dat onverdiende guns en onpartydige opregtheid net so deel van die ou verbond was as wat dit deel van die nuwe verbond is! Van die begin af behels יהוה se onpartydige opregtheid vertroue en getrouheid (gehoorsaamheid), naamlik vertroue wat met gepaste handeling volgens יהוה se vereistes, naamlik Sy Torah, gepaardgaan.

Maar יהוה se onverdiende guns en onpartydige opregtheid van die nuwe verbond verskil wel van dié van die ou verbond! Daarom moet ons יהוה se onpartydige opregtheid van die nuwe verbond ken!!

Sha'ul skryf in sy brief aan die Korinthiërs:

20.....daarom vra ons julle, namens dié Gesalfde Een: laat julle verhouding met God herstel, 21want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2 Kor. 5:20-21.

Wanneer jy en ek met ons hart glo en met ons mond bely dat Yeshua die eenmalige sondoffer is (Rom. 10:9-10), word ons die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua, dié Gesalfde Een. Ons vertrou en belydenis wis ons sondeskuld onmiddelik uit en ons staan as vrygespreek voor יהוה. Ons is vrygespreek van alle aanklagte van die oortreding van God se Torah en die vonnis, naamlik die loon van die sonde wat die dood is (Rom. 6:23), is opgehef. Ons is 'n nuwe mens, want ons is wedergebore en ons is die onpartydige opregtheid² van God in Yeshua!

Alles wat daarom in eenheid met Die Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan. 2Kor. 5:17.

Ons ou lewe van ongehoorsaamheid (sonde) is op daardie oomblik uitgewis en alles het nuut geword. Maar ons gemoed moet vernuwe word om te dink, te praat en te doen soos יהוה ons Vader. Ons is egter 'n geestelike baba en moet nou "opgevoed" word om te kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van ons Vader is (Rom. 12:2), naamlik hoe om voortaan as onpartydig en opreg te lewe. Ons moet geleer word wat יהוה se onpartydige opregtheid onder die nuwe verbond alles behels, sodat ons kan lewe soos vrygespreektes en in Yeshua vir die sonde dood is.

Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:11.

Deur die gunsvoorsiening in Yeshua is ons met Vader-God versoen. Dit is egter jou en my verantwoordelikheid om voortaan as onpartydig en opreg, naamlik as 'n vrygespreek van sonde, te leef. Ons wil tog immers nie weer aangekla en skuldig staan nie, en tog sekerlik ook nie die verhouding met ons Vader versteur nie. Ons wil ook nie meer 'n slaaf van die sonde wees nie, maar 'n dienskneg van die Allerhoogste. Ons wil ons liggame aan יהוה beskikbaar stel as 'n lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer (Rom. 12:1).

As gehoorsame kind in die huis van ons Vader moet ons onself ten volle aan Sy gesag, naamlik Sy 'huisreëls' van die nuwe verbond, onderwerp. Ons moet na Sy onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervolmaak is luister en daarvolgens lewe, want ons weet dit is Wysheid en dit is alles vir ons eie welsyn en omdat Hy ons liefhet. 'n Gehoorsame kind deel tog immers in al die seëninge van die huis waarin hy bly al maak hy soms foute weens swakhede en onkunde.

MAAR wat gebeur egter indien jy en ek 'n bepaalde sonde of sondes bly vertroetel? Anders gestel: Wat gebeur indien ons sekere dele van יהוה se onderrig en instruksies opsetlik verontagsaam of ontken dat dit op ons van toepassing is? Ek verwys nie na die feit dat hoewel ons weet wat reg is, maar dikwels weens ons swakhede die verkeerde doen nie. Nee, ek praat van dit wat ons weet wat reg is en dan weier om dit te doen. Kan ons dan steeds aanvaar dat ons die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua, ons Meester, is? Is יהוה se

² Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg: Dit sluit die konsep "justly" in, naamlik regverdig en sonder partyskap of voorbedagte oordeel. (Vlgs Aramese woordeboeke). Dit is so 'n groot konsep dat al die fassette nie in 'n vertaling moontlik is nie, maar tog moet die volledigste en naaste moontlikheid weergegee word. Dit is onpartydig, naamlik sonder vooroordeel of vooraf oordeel en sonder inagneming van die persoon en dit is opregtheid wat die regverdigheid en ander regsterme insluit.

onverdiende guns so groot dat Hy ons sal ‘oorsien’ en ons steeds as onpartydig en opreg sal beskou?

Daar is verskeie Skrifverwysings wat ons waarsku dat sou ons voortgaan met die werke van die vlees, naamlik die oortreding van Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, sal ons nie die koninkryk van יהוה beërwe nie (Gal. 5:19 tot 21; Kol. 3:5 tot 9; 1 Kor. 3:3). Onpartydige opregtheid is dus meer as net vertrou in die vergifnis van sonde deur die folterdood van Yeshua. Dit vereis ook ‘n handeling van ons kant af. Dit vereis om יהוה se onpartydige opregtheid te ken en dit te doen! Daarom het Yeshua gesê:

maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33

Opsomming: Onverdiende guns en onpartydige opregtheid onder die ou verbond was vertrou in יהוה met die verwagting (verlange na) van dié Gesalfde Een wat sou kom, en wat gepaard gegaan het met gehoorsaamheid aan die Torah van Mosheh. Terwyl onverdiende guns en onpartydige opregtheid onder die nuwe verbond vertrou in Yeshua as die sondoffer tot versoening met יהוה is wat gepaard moet gaan met gehoorsaamheid aan die Torah van Yeshua, naamlik die Torah van Mosheh soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Alleenlik dan kan ons seker wees dat ons die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua is. Daarom het Yeshua gesê:

want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie! Matt. 5:20.

Ons onpartydige opregtheid is baie meer as die van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) omrede ons in Yeshua as dié Gesalfde van God vertrou, terwyl hulle Hom verwerp. Daarom sal die volgelinge van Rabbynse Judaïsme nie die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

Die basis, of pilare, waarop יהוה se onpartydige opregtheid gebou word is die tien gebooie. Hierdie tien beginsels is die opsomming van wat יהוה verwag van die verhouding tussen Homself en die mens, en van die verhouding tussen mense onder mekaar. Hierdie tien beginsels omvat יהוה se onpartydige opregtheid. Dit was so onder die ou verbond en is steeds van toepassing onder die nuwe verbond!

Noag en die Einde van die Eeue

Die geskiedenis van Noag is ‘n sinnebeeld van die einde van die eeue. Daarom het Yeshua gesê:

²⁶Net soos dit was in die dae van Noag, net so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:

²⁷hulle het geëet, gedrink, getrou en in die huwelik weggegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, die vloed gekom en almal vernietig het. Luk. 17:26-27.

Maar let op wat het Yeshua die klem geplaas! Nie op die morele verval, naamlik op die boosheid van die mens wat groot was nie (Gen. 6:5), maar die klem was op die feit dat die mensdom voortgegaan het asof die oordeel van יהוה nie voor die deur was nie! Dit ten spyte daarvan dat Noag deur die jarelange bou van die ark getuig het van יהוה se komende oordeel! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit baie duidelik:

Deur vertrouwe het Noag, toe daar met hom gepraat is oor die dinge wat nog nie gesien is nie, aanbid en die ark vir homself gebou vir die lewe van die kinders in sy huishouding, waardeur hy die wêreld veroordeel het en hy die erfgenaam geword het van onpartydige opregtheid, wat in vertrouwe is. Heb. 11:7.

Ons leef in die tyd waar die geskiedenis herhaal word! Ten spyte van die sigbare tekens in die hemel en op die aarde, en waarvan die Skrifte ons waarsku dat aan die einde van die eeue sal hierdie dinge gebeur, gaan die massas voort asof יהוה se oordeel nooit gaan kom nie!

En soos in die dae van Noag sal daar weinig siele wees wat die “hemelse ark” sal ingaan en יהוה se oordeel sal vryspring, dit ten spyte van God se lankmoedigheid (1 Pet. 3:20)! Yeshua het dit bevestig toe Hy gesê het:

²¹Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.

²² Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?’

²³Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af nie met julle ’n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!’
Matt. 7:21-23.

Bepeins of Bespreek

1. Noag het gekies om ten spyte van ‘n verdorwe samelewing (Gen. 6:11-12) in יהוה te vertrou en gehoorsaam te wees. Onthou: Die mens se wil is soewerein!! Die vraag is: Kan יהוה die mens se wil verander of kan God slegs die mens se wil beïnvloed deur omstandighede te skep wat die mens kan ‘dwing’ om die regte keuses te maak? In Noag se tyd, en in al die eeue tot die hede, kon elke mens kies om in vertrouwe saam met יהוה te wandel en om ook, soos Noag, regverdig en opreg verklaar te word.
2. Een van die grootste misleidings is die oprigting van eie onpartydige opregtheid. Bespreek of bepeins dit in die lig van Rom. 10:1-13. Ken Rabbynse Judaïsme die onpartydige opregtheid van יהוה?
3. Die feit dat slegs Noag en sy gesin van יהוה se oordeel gespaar is, is ‘n heenwysing na die woorde van Yeshua in Matt. 7:14 – *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.* Hoekom het Yeshua gesê daar sal min wees wat die pad wat na die lewe lei sal vind? Is die antwoord in verse 21-23, veral vers 23?
4. Dit is baie moeilik om ten volle te verstaan hoe dit in die begin voor die sondeval was en toe daarna! Die volgende verduideliking van Zalmi Labkowsky is egter die moeite werd om te bepeins of te bespreek:

Before there was sin, the universe was at peace. Nature and its Creator were completely in sync and the unity of God was manifest in all of creation. The only consciousness that existed was the consciousness of God, and one couldn't help but view every aspect of the world as a component of that reality. The only self-awareness that existed before sin was the awareness that one was an expression of the Divine. There was no possibility of viewing oneself as an independent, self-sufficient entity when Godliness was so revealed. One unifying consciousness fused all of creation together.

Then came sin. The effects were quick in coming and shattered the clarity that had existed previously. Confusion and friction became the dominant realities. In place of the two innocent souls blissfully unaware of their own nakedness, two people stood with a newly acquired self-awareness that focused them in on their own existence and made them shrink away in shame. The harmony was gone. The unity was gone. The transcendence was gone. What was left was a multitude of independent creatures lacking the guiding and uniting force they once took for granted.

5. Wat is van die belangrikste lesse wat ons uit hierdie week se Torahskriflesing leer? Moenie 'die boot verpas nie', want daar gaan 'n dag kom wat יהוה-God weer die aarde en die mens gaan oordeel!! Is יהוה se tydperk van onverdiende guns nie vinnig besig om tot 'n einde te kom nie? Vergelyk Matt. 7:13-23, veral verse 13, 14 en 21-23. In die dae van Noag was daar min regverdiges en in die einde van tye sal daar ook min wees (Matt. 7:13 en 14; Matt. 7:21-23)! Is jy besig om vir jou 'n 'ark' van redding te bou? Is vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een en Torahgehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervolmaak is jou 'ark' wat jy bou?

I bet you there will be people in hell saying, 'I thought there was no condemnation for those in Christ Jesus.' – G.A. Jarquin.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliied.info

Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.